Donderdag 24 Desember
Skrifgedeelte: Psalm 142, Psalm 143
Fokusgedeelte: Psalm 142:2-4; Psalm 143:4-6

## Hou aan die Here vas, al kry jy swaar

Ons lewens is nie altyd maklik nie. Ons beleef soms moeilike tye, beproewings en swaarkry. Dalk is daar vandag iets wat vir jou moeilik is, iets wat jou hartseer maak. Soms wil ons ook, soos Dawid lank gelede, uitroep: *"Ek het alle moed verloor, ek is verslae."* Wat kan ons doen in tye van swaarkry en nood? Psalms 142 en 143 gee vir ons riglyne wat ons kan help.

Praat met die Here oor jou swaarkry. Vertel Hom van jou nood. Ons steek mos altyd van ons swaarkry vir mense weg. Ons wil tog nie hê dat mense minder van ons sal dink nie. Vir ons hemelse Vader hoef ons egter niks weg te steek nie. Ons kan Hom vertrou met al ons swaarkry, al ons hartseer.

Vra ook sy hulp in jou beproewing. Soek Hom vol geloof en vertroue op. Hy is groot en magtig en vol liefde vir elke kind van Hom. Verwag groot dinge van die Here. Bid sonder om te twyfel. Dis ook bemoedigend om in tye van swaarkry te weet: Die Here weet presies wat ek deurmaak en hoe ek dit alles beleef. Hy ken my deur en deur – elke gedagte en emosie.

Dink ook aan jou verlede. Onthou en oordink hoe die Here jou in die verlede in tye van swaarkry gedra het. Weet vir seker: God is getrou, Hy is vandag dieselfde God wat jou in die verlede ook bygestaan het.

Moet nooit dink dat die Here jou nie meer liefhet wanneer jy swaarkry nie. Hou in jou swaarkry aan sy liefde vas en moet nooit die woorde van Psalm 119:75 vergeet nie: *"Dat U my laat swaarkry is 'n teken van u trou."* Mag die Here jou elke dag vertroos deur sy Heilige Gees en elke dag vir jou moed, krag en wysheid gee in jou swaarkrytyd.

*Sing: Psalm 34-1:2, 8*

*Ds. L du P (Wikus) van der Vyver (Silverton)*